Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2017

EKONOMIE V1

PUNTE: **150**

TYD: **2 uur**

IECONA1

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die DRIE vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die TWEE vrae.

2. Skryf die vraagnommer bo-aan elke antwoord neer.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Lees die vrae sorgvuldig deur en begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

5. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

6. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Slegs die vereiste getal vrae, in die volgende waarvolgens hul in die ANNTWOORDEBOEK verskyn, sal nagesien word.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1 **30 PUNTE − 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A, B C of D) langs die ooreenstemmende vraagnommer neer (1.1.1−1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK.

1.1.1 ŉ Persoon wat innoverend is en die inisiatief neem om ŉ besigheid te stig, staan bekend as ŉ ...

A besigheidsman.
B vervaardiger.
C arbeider.
D entrepreneur.

1.1.2 Dit bereken verbruikersinflasie in Suid-Afrika deur te bepaal hoeveel geld aan ŉ mandjie goedere en dienste bestee word:

A VPI
B PPI
C OPV-wisselkoers
D repokoers

1.1.3 Huiseienaars kan hul huise verkoop as hulle dit wil doen:

A Sentraal beplande
B Mark
C Gemengde ekonomie
D Markekonomie

1.1.4 Bestaan hoofsaaklik uit privaatsektor ondernemings bv. motorvoertuie, komponente, masjinerie en gereedskap.

A Vervaardiging
B Konstruksie
C Landbou
D Groothandel en kleinhandel

1.1.5 Hoë-inkomsteverdieners word teen ŉ hoër koers belas:

A Proporsioneel
B Regressiewe
C Progressiewe
D Indirekte belasting

1.1.6 Die totale bedrag van die vergoeding wat die eienaars van produksiefaktore vir ŉ bepaalde tydperk vir hul deel in die produksieproses ontvang:

A BBP
B BNI
C BNP
D BNB

1.1.7 Hierdie is spesifieke gebiede in Suid-Afrika wat gekies is om op vervaardiging te fokus:

A ROI
B SES
C NOS
D Korridor

1.1.8 Die oudste doeane-unie in die wêreld, wat in 1910 gestig, is …

A die Multilaterale Monetêre Gebied (MMG).
B die Suider-Afrikaanse Doeane-Unie (SADU).
C die Suider-Afrikaanse Ontwikkelings Gemeenskap (SAOG).
D Nuwe Vennootskap vir Afrika Ontwikkeling (NEPAD).

(8 x 2) (16)

1.2 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A−I) langs die vraagnommer (1.2.1−1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.8 I.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Nie-hernieubaar	A	Bankier van banke
1.2.2	SARB	B	Natuurlike hulpbronne soos goudneerslae, diamante, steenkool, olie en goud
1.2.3	Oordragbetalings	C	Vir korttermyn spaar geld en lenings
1.2.4	Geldmarkte	D	Kindertoelae en pensioene
1.2.5	Ekonomiese vryheid	E	Gebruik van goedere en dienste om behoeftes te bevredig
1.2.6	Bedryfskapitaal	F	Individue belê op enige manier wat hulle wil en hulle het die reg om eiendom te besit
1.2.7	Intermediêre goedere	G	Hoeveelheid geld wat ŉ besigheid beskikbaar het om sy daaglikse bedrywighede te finansier
1.2.8	Verbruik	H	Bevat die uitgawes van departemente soos die Presidensie en plaaslike regering
		I	Goedere en dienste wat gekoop word met die doel om dit te herverkoop

(8 x 1) (8)

1.3 Gee die ekonomiese term/konsep vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term/konsep langs die vraagnommer in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 Die metodes wat lande gebruik om hul bronne toe te ken

1.3.2 Goedere wat ŉ verwagte lewensduur van meer as een jaar het

1.3.3 Gratis geskenke vanuit die natuur

1.3.4 Die prys van een land se valuta wat uitgedruk word in terme van ŉ ander land se valuta

1.3.5 Beweging van mense vanaf landelike gebiede na stedelike gebiede

1.3.6 ŉ Belasting gehef op invoere (6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE belangrike ekonomiese sektore in die berekening van BBP (P). (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoekom is die aanbod van grond vasgestel? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

INTERAKSIE VAN VRAAG VIR ARBEID EN AANBOD VIR ARBEID



2.2.1 Identifiseer die mark-ewewig vir arbeid in die grafiek. (1)

2.2.2 Hoe word die lone op die arbeidsmark bepaal volgens die bostaande grafiek? (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *arbeid*. (2)

2.2.4 Verduidelik hoe MIV en VIGS die kwaliteit van arbeid beïnvloed. (2)

2.2.5 Wat stel die Nasionale Ontwikkelingsplan voor sodat werk en ekonomiese groei verhoog kan word? (4)

2.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

FUNKSIONELE KLASSIFIKASIE

REGERINGSBESTEDING		
R biljoen	**2014/2015**	**%**
Basiese onderwys	189,5	21,6
Gesondheid	144,6	***2.3.5***
Verdediging, openbare orde en veiligheid	163,0	18,6
Naskoolse opleiding	56,6	6,4
Ekonomiese sake	176,6	20,2
Sosiale beskerming	143,9	16,3
Toegewese uitgawes	**874,2**	
Skulddienskoste	115,0	11,6
Onverkorte uitgawes	-	-
Gekonsolideerde uitgawes	**989,2**	

2.3.1 Noem die regeringsuitgawes-afdeling wat in die tabel hierbo gebruik word. (1)

2.3.2 Dui die diens aan waarin die regering die meeste van die bronne toeken. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die *finale verbruiksbesteding deur die regering*. (2)

2.3.4 Verduidelik die belangrikheid van finale verbruiksbesteding deur die regering. (2)

2.3.5 Bereken die totale persentasie gesondheidsuitgawes in bostaande tabel. Toon alle berekenings. (4)

2.4 Onderskei tussen Bruto Binnelandse Produk (*BBP*) en *Bruto Nasionale Produk* (*BNP*) as somtotale in die ekonomie. (4 x 2) (8)

2.5 Hoe doeltreffend is die staat om die nadele van die markstelsel aan te spreek? (4 x 2) (8)

[40]

VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 30 MINUTE

3.1 Beantwoord die volgende vrae

3.1.1 Noem TWEE funksies van geld. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe belangrik is ŉ effektiewe infrastruktuur vir die ekonomie? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

BESKERMING VAN DIE INHEEMSE KENNISSTELSELS

Vroulike tradisionele leiers in Suid-Afrika implementeer ŉ strategie wat daarop gemik is om die lewens van landelike gemeenskappe te verbeter deur die bestuur van inheemse kennisstelsels en volhoubare gebruik van natuurlike hulpbronne met voedings- en mediese waarde.
.
Stedelike inwoners stroom reeds na landelike gebiede om kruie met medisinale en voedingseienskappe te verkry wat die impak van MIV/Vigs-verwante siektes kan onderdruk. Die Afrika-aartappel, wat oormatig geplant en geoes is, ŉ goeie voorbeeld van die bedreiging van inheemse plante. Wildeplante word gebruik om baie gesondheidsprobleme te behandel, soos hoes, hoofpyne en om wonde te genees.

[Bron: *www.africahistory.net*]

3.2.1 Waarom het vroulike tradisionele genesers ŉ strategie geïmplementeer om inheemse kennisstelsels te bestuur? (1)

3.2.2 Noem ŉ gesondheidsverwante probleem wat deur aftreksels van wildeplante genees kan word. (1)

3.2.3 Beskryf die term *inheemse kennisstelsel.* (2)

3.2.4 Verduidelik die belangrikheid van inheemse kennisstelsels as deel van plaaslike gemeenskapsontwikkeling. (2)

3.2.5 Waarom implementeer die regering die beleid om inheemse kennisstelsels te beskerm en te bevorder? (4)

3.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SUID-AFRIKA HET `N HOOGS ONTWIKKELDE INFRASTRUKTUUR

Eskom, een van die wêreld se toonaangewende energieverskaffers in terme van produksie, voer krag uit na ander Afrika-lande. Elektrisiteit in Suid-Afrika kom van steenkool, water en kernkrag. In 2008 het Eskom ŉ massa-elektrifiseringsprogram geïmplementeer om die land se elektrisiteitsinfrastruktuur op te gradeer en uit te brei.

[Bron: *www.eskom.co.za*]

3.3.1 Noem die nasionale elektrisiteits-voorsiener. (1)

3.3.2 Noem EEN bron van energie in Suid-Afrika. (1)

3.3.3 Watter instelling reguleer elektrisiteit in Suid-Afrika? (2)

3.3.4 Verduidelik waarom Suid-Afrika die bes ontwikkelde telekommunikasiestelsel in Afrika het. (2)

3.3.5 Hoe beïnvloed die ontwikkeling van ŉ land se infrastruktuur sy bevolking? (4)

3.4 Verduidelik kortliks die beskikbaarheid en gebruik van produksiefaktore as metodes om die ekonomie te laat groei. (4 x 2) (8)

3.5 Hoe kan die regering die waarde van geld in die land stabiliseer? (4 x 2) (8)

[40]

VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES
40 PUNTE – 30 MINUTE

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE faktore wat arbeidsmagdeelname beïnvloed. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoe word die lewenstandaard in ŉ land bepaal? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die paragraaf hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

GESENTRALISEERDE EKONOMIESE STELSEL

As daar geen winkel in ŉ landelike gebied is nie, sal die staat een van die inwoners vra om ŉ winkel te begin. Deur dit te doen, sal die staat besluit wat, hoe en wanneer om te produseer om die samelewing op te hef.

[Bron: *Economics Fast track*]

4.2.1 Na watter tipe ekonomiese stelsel word verwys in bogenoemde uittreksel? (1)

4.2.2 Wie ken die hulpbronne toe in bogenoemde uittreksel? (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *ekonomiese stelsel*. (2)

4.2.4 Verduidelik hoe dienslewering in Suid-Afrika verbeter kan word. (2)

4.2.5 Hoekom word Suid-Afrika as ŉ gemengde ekonomie beskou? (4)

4.3 Bestudeer die foto hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

GELD EN BANKWESE IN SUID-AFRIKA

[Bron: *http://www.resbank.co.za*]

4.3.1 Noem enige TWEE groot banke in Suid-Afrika volgens hierdie foto. (2 x 1) (2)

4.3.2 Noem enige toegevoegdewaarde dienste wat deur banke voorsien word. (2)

4.3.3 Verduidelik waarom geld oor ’n lang tydperk sy waarde kan behou. (2)

4.3.4 Wat is die basiese beginsels van kredietskepping deur banke? (2 x 2) (4)

4.4 Verduidelik kortliks hoe ’n entrepreneur werkskepping en mededinging verseker. (4 x 2) (8)

4.5 Hoe kan streeksekonomiese integrasie handelsversperrings tussen lidlande verwyder? (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTE-TOEKENNING
Inleiding • ŉ Goeie begin sal wees om die begrip of sleutelwoord wat in die vraag gebruik word, te definieer. • Sluit ander sinne in om die onderwerp te ondersteun. • Moenie enige gedeelte van die vraag in jou inleiding insluit nie. • Moenie enige gedeelte van die inleiding in jou inhoud herhaal nie. • Moenie in die inleiding sê wat jy in die inhoud gaan bespreek nie.	Maks. 2
Liggaam: **Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed/Vergelyk/ Evalueer/Onderskei/Differensieer/Verduidelik/Assesseer/ Debatteer	Maks. 26
Addisionele gedeelte: Gee eie opinie/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Teken ŉ grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/ Onderskei/ Interpreteer/Debatteer/Kortliks/Hoe/Stel voor/ Gebruik die inligting om te argumenteer, debatteer en te evalueer.	Maks. 10
Slot • Die gevolgtrekking is ŉ uiteensetting van die bespreking van die onderwerp in die liggaam en moet as ŉ hoërorde reaksie behandel word. • Die gevolgtrekking kan die vorm aanneem van ŉ eie opinie, voorbeelde om bespreking of ŉ teenstrydige standpunt van wat bespreek is, te ondersteun. • Geen aspek van die inleiding of liggaam mag in die slot ingesluit word nie. • Aanbevelings	Maks. 2
TOTAAL:	**40**

VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE **40 PUNTE - 40 MINUTE**

ŉ Land se ekonomie het ŉ struktuur nodig waarbinne oplossings vir die ekonomiese vraagstukke gevind kan word. Die ekonomiese struktuur verdeel alle ekonomiese aktiwiteite in verskillende sektore. Hierdie sektore dra by tot die nasionale inkomste van die land.

- Bespreek die ekonomiese belangrikheid van die tersiêre sektor. (26 punte)
- Hoe sluit die ekonomiese sektore by mekaar aan? (10 punte) **[40]**

OF

VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES **40 PUNTE – 40 MINUTE**

Lande het verskillende opsies om te volg wanneer hulle besluit oor 'n ontwikkelingsstrategie. Die meeste ontwikkelende lande het ekonomiese en ander beleide met geïntegreerde strategieë vir ontwikkeling.

- Bespreek menslike hulpbronne en natuurlike hulpbronne as ontwikkelings-strategieë om die lewensomstandighede van burgers in ontwikkelende lande te verbeter. (26 punte)
- Hoe het basiese dienste soos gesondheid en welsyn in Suid Afrika verbeter? (10 punte) **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou